# DIE KONINKRYK VAN GOD – 1

# Matthéüs 6:9-10

__NOTA__: **Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

## TEMA: __3 KONINKRYKE__

__Oordenking deur__: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

- Bykomende Skrifverwysings aan die einde van die lesing.

--o0o-

**Matt 6:9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;**

**Matt 6:10 laat __u koninkryk__ kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;**

-o0o-

Ek gaan met jou deel, soos die Gees my lei en soos Hy aan my geopenbaar het, rondom die gedeelte in die Onse Vader waar Christus bid en sê ***laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;***.

Wat beteken daardie term? Hoekom bid Christus dit? Ons kan hierdie gedeelte seker vir dae lank bespreek, want dit is 'n ontsaglike groot en wye veld. Wens ons kon om 'n lekker groot vuur gesit het en hierdie saak bespreek het, want ek glo elkeen kan nog iets hierby voeg. Ek kan dit net vir jou gee soos die Here dit aan my geopenbaar het.

Kom ons bespreek net eers die gedeelte ***laat u koninkryk kom***.

__Daar is **drie koninkryke** wat vandag op die aarde funksioneer__.

### 1. Die EERSTE koninkryk is die koninkryk van die __duisternis__

Dit is waar Adam en Eva die plek gegee (aan satan) het. Christus het daardie koninkryk kom vernietig en die mag en die gesag kom terugvat. Hy het weer vir die mens sy naam teruggegee, want Hy het opgestaan en gesê dat al die mag en gesag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is. Hy gee dit nie terug vir die mens nie, maar Hy sê *"in My naam*".

- **__In Sy naam__**, in die __Verbond__, kan ons funksioneer **teen** die koninkryk van die duisternis.
  - Buitekant die verbond het ons geen gesag en geen outoriteit om teen die koninkryk van die duisternis oorwinning te kry nie.
  - Ons kan net in die verbond met Christus Jesus oorwinning kry - in daardie bloedlyn.

Ek dink die meeste ware kinders van die Here sit nie meer met sonde nie. Ons is veronderstel om nie meer te vloek, drink, rook, hoereer en al daardie dinge nie. As ons dit in ons menslike swakhede doen, moet ons bely en om vergifnis vra.

-o0o-

## 2. Die TWEEDE koninkryk is die koninkryk van die vlees.

Dit is seker die gevaarlikste koninkryk op die aarde.
Om in die koninkryk van die vlees te funksioneer, gaan dit oor wat **ek wil hê** en wat **ek moet doen**.

- Dit gaan altyd oor my en my welstand. Dit is Babel.

Ek het reeds vir julle vertel van die oordele van God teenoor Babilon en dat die groot hoer moet val. Dit is die sisteem waarmee satan werk om die ganse mensdom te beheer.

## 3. Die DERDE Koninkryk is die Koninkryk van die Lig, wat eintlik uit twee dele bestaan.

Die Koninkryk van die hemele is op aarde gevestig, in die vorm van die **Koninkryk van God in Christus Jesus**. Onthou, as ek praat van 'n koninkryk, beteken dit in die eerste plek dat daar 'n geestelike grondgebied is. In die begin was alles vir Adam en Eva gegee. God het 'n verhouding met hulle gehad.

**Jesaja 59: 2 maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.**

Satan het hulle in die versoeking gelei en hulle het geval vir sy versoeking. As gevolg van hul sondes het daar skeiding gekom tussen hulle en God en het hulle nie meer met God gewandel het nie. Omdat die aarde deur Hom vervloek is, is alles wat uit die aarde voortkom, vervloek (**Gen. 3:17, 18**). As iets vervloek is kan dit nie iets wat rein is voortbring nie, want dit is besmet.

- God die Vader, Abba Vader, moes daarom Sy saad in Christus Jesus gee.
- Dit is in die aarde gesaai **agter** die maagdevlies.

Ons moet een ding mooi onthou. Alle saad word beskerm deur die harde en stewige omhulsel om daardie saad wat lewe, binnekant te beskerm. Jy sal nooit saad kry waarvan die lewendige kern gedeelte binne in die saad sommer net oop is nie. Ek praat nie van die pit nie.

Bekyk maar hoe hard is 'n perske pit se omhulsel. Daar is byvoorbeeld die Amasone neute, wat net deur die groot papegaaie gebreek kan word. Jy moet regtig iets hard kry om dit mee te kan breek. Die lewendige gedeelte, binne in die saad, moet rein en perfek bly soos beplan en geskape is van die begin af.

Dit is presies wat die Vader gedoen het. Die Vader het uit die Koninkryk van die hemele rein, heilige, onbesmette saad gegee en dit ingeplant in die maagd Maria. Hy was in die wêreld gesaai. Dit is waarom dit so belangrik is dat ons die maagdelikheid van Maria sal verstaan.

- Die maagdevlies is 'n teken van die neutedop, wat die beskerming is teen die vuilheid en die besmetting.
- Die maagdevlies is dus die beskerming van die reinheid, die perfekte skoonheid en heiligheid van die saad.
- Hy was uit die Koninkryk van die hemele as die saad van die Vader gesaai. Slegs net 'n vader het saad en het die reg om saad te gee.

Die verbond wat met Abraham aangegaan is, het bewerkstellig dat God die Vader, in Maria saad kon gee. Dit is later na Dawid toe gebring en Dawid het dit aanvaar.

Net soos 'n mot of skoenlapper binnekant 'n kokon sy metamorfose ondergaan, het die Woord vlees geword binne in Maria. Die saad wat uit die Koninkryk van die hemele gesaai is, as die Woord van God, wat die Koninkryk van God is, het ontwikkel en volwasse geword. Toe die regte embrio wat al die eienskappe gehad het, volwasse word, breek dit van die heilige skoon gedeelte af deur, in die wêreld in.

- *Die wêreld het niks te doen gehad met die ontwikkeling van die Koninkryk van die hemele nie*.

-o0o-

- Die Koninkryk van die hemele is in die vorm van die saad van die Vader, in die Woord, die koringkorrel in Christus Jesus, na die aarde toe gesaai. Ons moet hierdie beginsel baie mooi verstaan.

## Wat beteken 'n koninkryk?

'n Koninkryk beteken grondgebied en besitreg. Dit beteken dat ek die reg het om my voet daar te sit. Ek het die reg om dit op te eien en te okkupeer.

## Hoekom het hierdie dinge gebeur?

Onthou, God, Elohim, het die hemele en die aarde geskape. Hy het Adam en Eva volgens Sy beeld geskape. Adam en Eva het Hom egter verwerp. Hulle het 'n ander vader gekies, 'n vader wat hulle in slawerny sou plaas en "tormenteer". Hulle het satan gekies. Hulle het satan se saad aanvaar, in die vorm van dit wat in die tuin van Eden en alles daarna gebeur het.

God wou weer dit wat aan Hom behoort het, terugvat. Hoe moes Hy dit doen? Die wettige grondgebied wat Hy verloor het, kon Hy nie terug steel nie, want dan sou Hy op dieselfde manier as satan te werk gegaan het.

- Hy moes dit terugkoop.
- Hy moes die wettige reg kry om dit terug te koop.

Dit is net soos wanneer jy 'n erf wil koop om vir jou 'n huis te bou en 'n koninkryk in 'n dorp wil opsit. Dit is teen die wet om net 'n stuk grond te kleim en 'n huis begin bou. Dit was dieselfde met die Vader. Die Vader het eers na Abraham toe gegaan en vir Abraham gesê dat Hy met hom 'n verbond wil aangaan.

- Hy het die verbond van die besnydenis met Abraham aangegaan. (Gen 17)
- Hy het Israel opgerig. Dit is 'n stukkie grondgebied wat Hy vir Homself toe-geëien het. Hy het dus 'n erf gekoop, in die toekoms in, op aarde.

*Die Vader kan Homself nooit af forseer op enigiets of enigiemand nie*. Dit gaan alles oor die liefde, want God is liefde. Ek praat 'n bietjie wyd, omdat ek wil hê dat jy dit moet verstaan. God het besluit om weer bemoeienis met die aarde te maak. Hy het weer uit gereik na die mensdom toe, omdat die mens na Sy beeld geskape is. Die mens kom uit die liefde van die Vader.

- Onthou, ek en jy het reeds bestaan voor die grondlegging van die wêreld, maar in 'n ander vorm.
- Ons het in die vorm van liefde in Sy hart bestaan.

Dit is waar die El Shaddai eienskap van God die Vader inkom. God moes terugkoop wat Hy verloor het toe Adam en Eva gekies het om dit, wat God in hulle hande geplaas het, vir satan te gee. Hoe moes Hy dit terugkoop? Hy moes weer besitreg kry. Hy moes weer toegang kry, want die hele aarde is vervloek en alles wat uit die aarde voortkom is vervloek.

**Genesis 3: 18 Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.**

Daar is **vyf vloeke** wat uitgespreek is in Genesis, naamlik:
- een oor Adam,
- een oor Eva,
- een oor die slang,
- een oor die aarde en
- een oor satan.

God het gesê dat die aarde dorings en distels sal voortbring. Alles wat uit die aarde kom, is onder die vloek. God kon daarom niks uit die aarde opwek wat die aarde kon loskoop nie. Dit is net 'n rein offer (pure and holy

sacrifice), wat kon loskoop en 'n vloek kan breek. Daar was niks van hierdie aarde wat die aarde kon red nie, want God het gesê dat alles wat die aarde sou voortbring, vervloek is.

**God moes op 'n hele ander manier gekom het.**

Hy moes weer toegang en besitreg kry tot die aarde. Alhoewel die mens God verwerp het, wou God weer na die mens uitreik en daarom het Hy vir Homself 'n "erf" kom koop. Hy het vir iemand gesê dat Hy hom wil gebruik om vir Hom grondgebied te kry ten einde om Sy Koninkryk op aarde te vestig. Omdat Hy Sy Koninkryk weer op aarde wou vestig, het Hy dit vir Abraham aangebied.

**Hoekom het Hy dit met Abraham gedoen?**

Want Hy moes iewers 'n **volk** (nasie) en 'n **grondgebied** kry om Sy saad in te saai. Die saad is nie van die aarde af nie, maar is van die hemel af gesaai na die aarde toe. Dit is waarom Hy die verbond van die besnydenis aangegaan het. (Gen 17)

Die Brood is eintlik die Koninkryk van die hemele, wat die Vader vir ons aarde toe gestuur het.

-o0o-

## Bykomende Skrifverwysings vermeld in hierdie lesing

Gen 3:9 Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy?
Gen 3:10 En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.
Gen 3:11 En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?
Gen 3:12 En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet.
Gen 3:13 Daarop sê die HERE God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: Die slang het my bedrieg, en ek het geëet.
Gen 3:14 Toe sê die HERE God aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.
Gen 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.
Gen 3:16 Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers.
Gen 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.
Gen 3:18 Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.
Gen 3:19 In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.
Gen 3:20 En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe.
Gen 3:21 En die HERE God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek.
Gen 3:22 Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie!
Gen 3:23 Toe stuur die HERE God hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is.
Gen 3:24 So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.

**Gen 17:1** Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees.

-o0o-

Gen 17:2  En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder.
Gen 17:3  Toe val Abram op sy aangesig, en God het met hom gespreek en gesê:
Gen 17:4  Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van ‘n menigte van nasies word.
Gen 17:5  Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou ‘n vader van ‘n menigte van nasies.
Gen 17:6  En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.
Gen 17:7  En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou.
Gen 17:8  En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as ‘n ewige besitting; en Ek sal vir hulle ‘n God wees.
Gen 17:9  Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag.
Gen 17:10  Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word—
Gen 17:11  julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal ‘n teken wees van die verbond tussen My en julle.
Gen 17:12  ‘n Seuntjie van agt dae dan moet onder julle besny word, al wat manlik is in julle geslagte. Die wat in jou huis gebore is, en die wat van enige vreemdeling met geld gekoop is, wat nie van jou geslag is nie—
Gen 17:13  die wat in jou huis gebore en wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word. So moet dan my verbond in julle vlees wees as ‘n ewige verbond.
Gen 17:14  En wat manlik is en die voorhuid het, wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie—dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word: hy het my verbond verbreek.
Gen 17:15  Verder het God aan Abraham gesê: Sarai, jou vrou, moet jy nie Sarai noem nie, maar haar naam sal Sara wees.
Gen 17:16  En Ek sal haar seën en jou uit haar ook ‘n seun gee; ja, Ek sal haar seën, sodat sy tot nasies sal word; konings van volke sal uit haar voortkom.

-o0o-